

Is God se beloftes te goed om waar te wees?

God het verskeie kere aan Abram verskyn. Hy lei Abram om die pad van die koninkryk te kan verstaan en dit in geloof te volg. In Genesis 17 het God selfs die ooreenkoms tussen Hom en Abram amptelik bevestig en 'n teken en seël gegee om dit aan te dui. So sou die besnydenis (Gen 17:11) die verbond tussen God en sy mense verkondig. Abraham se geloof word dus nie alleen deur God bewerk nie, maar dit word ook deur God versterk. Sy nageslag sou ook in die verbondsteken 'n bewys van God se genade kon sien.

Die Here verskyn weer aan Abraham by sy woonplek in Mamre. Daar was niks toevalligs aan die drie reisigers wie se reispad by Abraham se tente verbygegaan het nie. Die Here self het gekom om nog 'n keer sy beloftes te bevestig. Abraham se gasvryheid maak 'n deur oop vir die Here se openbaring. Voordat die belofte van 'n nageslag herhaal word vra die Besoeker egter eers na Sara. Die Here wil haar persoonlik betrek by sy belofte. Ook sy moet van die genade hoor en dit persoonlik haar eie maak. Geen verbondskind word in die duister gelaat as God se plan moet voortgaan nie. Die Here gee selfs die tyd wanneer sy geboorte gaan skenk.

Sara sien egter nog nie die verantwoordelikheid van die mens as verbondskind raak nie. Sy glo nie in die beloftes van die verbond nie. Dit klink te goed om waar te wees! Vir die mens is die Here se beloftes dikwels te goed om waar te wees. Gelukkig het Sara uiteindelik wel geglo en haar roeping in God se koninkryk uitgeleef (Heb 11:11).

Sing: Psalm 81:12

Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)